



Oorsig van Openbaring



Mense vind oor die algemeen die boek Openbaring...



letwat van 'n raaisel &



Die meeste mense vermy sommer die hele boek



Dis 'n jammerte, want onthou, die woord "Openbaring" beteken eintlik...



" 'n onthulling"



" 'n ontbloting" of



" 'n bekendmaking"



Dit is aan ons gegee...



Om verwarring op te klaar



Om ons te help om dinge beter te verstaan &



NIE om dinge meer verwarrend te maak nie.



Dit is vir ons geskryf om te verstaan...



Waarom sekere dinge gebeur het &



Wat die Here se goddelike plan is vir die dinge wat voorlê.



Die boek Openbaring word heeltemal duidelik...

...as ons die gegewe sleutel tot die boek verstaan.



Hierdie sleutel word gevind in **Openbaring 1:19** waar staan:



"Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur"



Hierdie **vers 19**...



Is die sleutelvers wat die deur van hierdie belangrike boek van profesie oopsluit.



Ons kan die vers verdeel in drie dele: VERLEDE – HEDE – TOEKOMS!



Kom ons kyk na **vers 19**. Dit sê:



"Skryf die dinge op wat jy gesien het" – **VERLEDE TYD**



Die apostel, Johannes doen dit in **hoofstuk 1**...



Waar hy skryf oor die dinge wat op daardie stadium **reeds met hom gebeur het**.



Die volgende gedeelte van **vers 19** sê:



"die (dinge) wat is" – **TEENWOORDIGE TYD**

Openbaring hoofstukke 2-3 handel oor die hede:

 Dit bevat...

➡ Die briewe wat Christus, deur middel van die apostel Johannes, gegee het...

Aan die Sewe Kerke van Klein-Asië

 Hierdie briewe handel oor **die huidige era/tydperk** waarin ons tans is...

➡ Wat met **Pinksterdag begin het** (toe die kerk gevorm is)

➡ En eindig met die wegraping van die kerk.

 Die briewe het 'n profetiese doel gedien vir die werklike kerke wat die briewe ontvang het omdat dit hulle vertel het wat **in die toekoms** met hulle sou gebeur!

 As ons, die huidige kerk...

➡ Terugkyk na die geskiedenis, sien ons dat baie van hierdie profesieë reeds vervul is.



MAAR...



Jy moet verstaan dat ons nog steeds in die tydperk leef waarna daardie briewe verwys, omdat die kerk nog nie weggeraap is nie.



Die finale opdrag wat Johannes in **vers 19** ontvang, is om te skryf oor die dinge...

 "wat gaan gebeur" – **TOEKOMSTIGE TYD**

Openbaring Hoofstuk 4 tot aan die einde van die boek...

✓ Gaan dan oor **die toekoms** !



Reg so, vandag gaan ons in hierdie studie fokus op...



"die dinge wat gaan gebeur"

- Dit wil sê, **DIE TOEKOMSTIGE TYDPERK**,
- Gevind in Openbaring Hoofstuk 4 tot 22.



Kom ons begin ons studie met 'n breë oorsig van die verdrukkingstydperk.

#1 Breë Oorsig van die Verdrukkingstydperk

 Die Bybel maak dit regdeur die **hele Skrif** duidelik dat...



Daar nog nooit in die geskiedenis van die mensdom so 'n verskriklike gebeurtenis was as wat tydens die verdrukking sal kom nie.

 Jesus het self gesê dat die verdrukking sou plaasvind...

...net voor sy wederkoms.



In **Matteus 24:29-30** het Jesus in sy **Olyfbergrede** vir sy dissipels vertel wat sou gebeur...



"EN dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid."



Die rede waarom die verdrukking 'n verskriklike slagting sal wees, waarvan die gelyke nog nooit gesien is nie, is omdat dit die volgende kombineer...



Die toorn van God



Die woede van Satan &



Die bese aarde van die mens wat nie meer in toorn gehou sal word nie.



Die verdrukkingstydperk sal...



Sewe jaar lank duur



Verdeel in twee periodes van...

...3 ½ jaar of 1260 dae.



Gedurende hierdie tyd sal daar 'n **wonderwerk plaasvind** wanneer...



Die hele Joodse volk hul geloof in Jesus Christus sal vestig!



Eerstens...



Sal 144 000 Jode bekeer word & begin om die evangelie te verkondig.



Later...



Sal die hele volk hulle tot die Here bekeer.



Wanneer Christus dus weer kom...



Sal al die oorlewendes van Israel gered word



En wag op hulle Here se Wederkoms.



Gedurende hierdie tyd...



Sal baie Joodse gelowiges vir hulle geloof doodgemaak word



Insluitend die 144 000 Joodse getuies.

i Tydens die verdrukking sal baie nie-Jode of heidene gered word as gevolg van die getuigenis van die Joodse oorblyfsel.

➡ Hierdie nie-Jode sal weier om...

- Die merk van die Antichris op hul voorkoppe te kry
- Of sy afgod te aanbid.

➡ Hierdie nie-Joodse gelowiges sal...

- Die vervolgte Joodse getuies ondersteun met kos en klere en hulle besoek wanneer hulle siek is of in die tronk gegooi word.

☹ 'n Groot aantal van hierdie nie-Joodse gelowiges sal as martelaars vir Christus sterf.




Die onderstaande grafiek toon...



'n Breë oorsig van die verdrukking saam met...

- Die Drie Groot Oordele...
- En hoe hulle met mekaar verbind is.



Oordeel #1: Die SEWE SEËL-OORDELE...



Hulle dek die eerste kwart of ongeveer 21 maande



In hierdie tyd sal die Antichris op die toneel verskyn &



Die wêreld deur diplomatieke onderhandeling oorwin.



Dan, wanneer die 7de seël gebreek is...



Lei dit die 7 basuin-oordele in...



Wat nog groter rampe op die aarde sal bring.



Die 7de basuin lei die **7 skale-oordele** in...



Wat die ergste van al die oordele is.



Dan eindig die verdrukkingstydperk met die Slag van Armageddon.



Reg, kom ons kyk eerste na die **Sewe Seël-oordele**.



Die Sewe Seël-Oordele

Gedurende die verdrukking kom die seël-oordele eerste aan die beurt (**Openbaring 6 - 8:1**).



In die antieke wêreld is seëls gebruik om 'n boekrol of brief mee te verseël/sluit.



Daar is warm was op die geslote boekrol gedrup &



Dan is die sender se seëlring in die was gedruk om 'n merk te maak.



Hierdie seël het verseker dat die boekrol of brief nie oopgemaak sou word...

...voordat dit die persoon bereik het aan wie dit gestuur is nie.



Slegs Jesus Christus, die Lam van God...



Is waardig om die seëls oop te maak en die oordele van die verdrukking te begin.



Seël #1: Vreedsame verowering

Openbaring 6:1-2

"EN ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin."

- i** Op die perd is die **Antichris...**
 - ⚙ Wat aan die begin van die verdrukking kom om te oorwin.
- i** Ons lees dat hy in kroon dra, maar...
 - ⚙ Die feit dat hy nie pyle vir sy boog het nie...
 - Dui daarop dat hy die wêreld se regerings deur vreedsame diplomatieke onderhandeling sal oorwin
 - En nie deur oorlog nie.



Seël #2: Openlike oorlog

Openbaring 6:3-4

"En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee."

- i** Aan die ruiter op die perd...
 - ⚙ Word 'n swaard gegee en
 - ⚙ Hy bring oorlog en vernietiging na die wêreld.

i Wat in werklikheid hier gebeur is...

- ⚙ Interne stryd...
- ⚙ Klassestryd...
- ⚙ Burgeroorloë...
- ⚙ Die vernietiging van alle gevestigde orde.

i Alhoewel die Antichris 'n valse vrede deur diplomatieke onderhandeling sal bereik...

- ⚙ Sien ons dat dit nie baie lank sal duur nie &
- ⚙ Mense mekaar letterlik sal aanval.



Seël #3: Hongersnood

Openbaring 6:5-6

“En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.”

i In hierdie **Oordeel van die Swart Perd...**

- ⚙ Sien ons 'n ruiter wat met 'n skaal in sy hande kom.
- ⚙ Dit dui op 'n ernstige hongersnood, wat dikwels die gevolg is van militêre konflik of oorlog.



Mense verstaan vandag hoe dit werk om gerantsoeneerde kos te koop.

- Tydens die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog...

➤ Is kos in rantsoene aan mense verkoop.

i Wanneer die 2de seël gebreek word, sal die oorloë wat daarop volg, so erg wees dat...

- ⚙ Mense net genoeg koring sal kan koop om vir 'n mens een ete te maak teen die koste van 'n man se volle loon vir een dag.
- ⚙ As hulle besluit om gars te koop, sal hulle net genoeg kry vir drie etes vir 'n man se volle loon vir een dag.
- ⚙ Olie en wyn, wat beskou word as luukshede, sal nie hierdeur geraak word nie.



Seël #4: 'n Kwart van die wêreld se bevolking gaan dood

Openbaring 6:7-8

"En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde."

i Hierdie is die ergste van die vier oordele.

⚙ Die ruiter op die vaal perd verskyn

⚙ Met die mag om 'n kwart van die wêreldbevolking dood te maak.



As die totale bevolking van die wêreld ses miljard is...

! Beteken dit dat een-en-'n-half miljard mense sal doodgaan !

i Niemand weet regtig presies hoe dit sal gebeur nie.



Seël #5: Martelaars

Openbaring 6:9-11

"En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuïenis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit kleres gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees."

i Op hierdie stadium in die verdrukkingstydperk...

⚙ Het ongeveer 25% van die wêreld se bevolking reeds gesterf.

i Wanneer die 5de seël gebreek word...

⚙ Sal martelaars van die verdrukking uitroep tot God om wraak te neem op die ongelowiges wat hulle doodgemaak het.

i Aan die martelaars word gesê dat die tyd vir wraak nog nie aangebreek het nie...

⚙️ Dit sal nog kom...

⚙️ Maar eers moet nog meer gelowiges doodgemaak word!

i Na die wegraping...

⚙️ Sal enigiemand wat hom tot Christus bekeer, wreed vervolgd word.

i Die martelaars se gebed om wraak word uiteindelik beantwoord in...

📖 **Openbaring 16:4-7**

⚙️ Tydens die 3de skaal-oordeel



Seël #6: Hemelse en aardse rampe **Openbaring 6:12-17**

“En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy nabye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van

die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?”

i Ses dinge gebeur hier:

- 1) 'n Groot aardbewing
- 2) Die son word verduister
- 3) Die maan word soos bloed
- 4) Sterre val neer op die aarde
- 5) Die lug word verskeur soos 'n boekrol
- 6) Elke berg en eiland word uit sy plek verskuif

i Mense sal wegkruip in grotte en uitroep in vrees vir die Here !

⚙️ Maar al gebeur al hierdie dinge...

👉 Sal die mens steeds nie berou hê en hulle tot God bekeer nie !



Hulle word net nog kwater...



En is nog meer opstandig teenoor God !



Seël #7: Sewe basuine

Openbaring 8:1-6

“EN toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee. En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die

altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas.”




Die sewende seël-oordeel...



Lei die volgende reeks van sewe oordele in



Bekend as **die basuin-oordele**.



'n Basuin/trompet is in die antieke wêreld gebruik om...



'n spesiale aankondiging of die begin van 'n belangrike gebeurtenis aan te dui.



Hierdie basuin-oordele kwalifiseer verseker as belangrike gebeurtenisse...



Soos wat elke reeks oordele net al hoe erger word.

i Die oordele word almal deur spesiale engele toegedien en al die oordele kom direk van die hemel af na die aarde toe...

☹☹ Dit wys duidelik...

👍 Dat dit God is...

👎 En nie die natuur nie...

● Wat die oorsprong van hierdie rampe is.

#3 Die Sewe Basuine

Die Verdrukking
Die Basuine/Trompette

#1 Hael & Vuur 	#2 Brandende Berg 	#3 Vallende Ster 
#4 Son, Maan & Sterre 	#5 Bodemlose Oorgewat 	#6 'n Weermag maak 'n derde van die mensdom dood 

1st 3 ½ jaar is verby (Op. 11:3,14) ←

1ste Wee (over #5)
2de Wee (over #6)



Basuin #1: Hael & Vuur

Openbaring 8:7

"En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand."



Basuin #2: Brandende Berg

Openbaring 8:8-9

"En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan."



Basuin #3: Vallende Ster

Openbaring 8:10-11

"En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het."

i Die ster wat uit die hemel val, word "Alsem" genoem.

⚙ Wat "bitter" beteken...

- Dit besoedel die wêreld se riviere en waterstelsels
- En baie mense gaan dood nadat hulle die bitter water gedrink het.



Basuin #4: Son, Maan & Sterre

Openbaring 8:12-13

"En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so. En ek het gesien en gehoor 'n

engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!"

i 'n Derde van die lig van die son, maan en sterre word weggeneem.

⚙ Dit lei daartoe dat...

- Die lig gedurende die dag verkort word met 'n derde en
- Die nag verleng word met 'n derde.

⚙ Klimaatsveranderinge sal ongetwyfeld plaasvind.

i Met hierdie oordeel kom 'n aankondiging deur 'n engel...

⚙ Wat waarsku "Wee, wee, wee" oor die drie oorblywende **basuin-oordele** wat nog kom.



#5 Bodemlose Put Oopgemaak

Basuin #5: Bodemlose Put Oopgemaak – Eerste wee/ellende !

Openbaring 9:1-11

1ste Wee

i 'n Engel word gestuur om die bodemlose put oop te maak...

⚙ Tot op hierdie stadium is die put nog toegesluit.

i Wanneer die bodemlose put oopgemaak word...

⚙ Word 'n groot swerm demoniese wesens vrygestel van hulle gevangenskap.

⚙ Hulle begin om almal op aarde wat hulle nog nie tot God bekeer het nie, te martel, maar maak niemand dood nie.

⚙ Hulle doen dit vir 5 maande lank.



#6 'n Weermag maak 'n derde van die mensdom dood

Basuin #6: Weermag maak 'n derde van die mensdom dood – Tweede wee/ellende !

Openbaring 9:13-21

2de Wee

i Die 6de basuin-oordeel...

⚙ Laat vier demoniese engele vry...

⚙ Wat spesifiek geskape is vir hierdie oomblik in die geskiedenis.

i Hierdie engele voer die grootste weermag wat al ooit op aarde saamgestel is, aan.

⚙ Die weermag is 200 miljoen sterk en

⚙ Maak 'n derde van die mense op aarde dood.

i Teen hierdie tyd...

! Sal 'n bietjie meer as die helfte van die wêreld se bevolking gesterf het.



Selfs na al hierdie gebeure sê **Openbaring 9:21**...

...dat mense nog steeds sal weier om hulle te bekeer !




Basuin #7: Sewe skale aangekondig – Derde wee !



Die 7de basuin kondig aan...

- ⚙ Dat die Koninkryk van Christus naby is en
- ⚙ Dit kondig ook die loslating van die 7 skaal-oordele aan.
- ⚙ Dit bring ons by die tweede drie-en-'n-half jaar van die verdrukking.



Die skaal-oordele / bak-oordele...

- ⚙ Is die heel ergste van al die oordele.



Dit lyk asof hierdie bakke God se toorn oor 'n lang tydperk versamel het.



Nou is die bakke tot oorlopens vol en gereed om uitgegooi te word...

- ⚙ Wat die weg vir Christus se wederkoms sal voorberei !



Die engele wat hierdie oordele toedien...

- ⚙ Draai die bakke onderstebo
- ⚙ Om te verseker dat elke laaste druppel van God se toorn uitgegooi word.

#3 Die Sewe Bakke/Skale

(Nota: in die Ou Vertaling word die woord "skale" gebruik en in die Nuwe Vertaling die woord "bakke")



Skaal/ Bak #1: Sere

Openbaring 16:1-2

"EN ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bese swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het."

- i** Die Skaal/ Bak word op die aarde uitgegooi en spesifiek gerig op almal wat die merk van die dier aan hulle het.
- i** Hierdie oordeel behels dat mense geteister word met ernstige, kwaadaardige sere op hul liggame.

#2 See word bloed



Skaal/ Bak #2: See word bloed

Openbaring 16:3

"En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe."

- i** Hierdie Skaal/ Bak word in die see gegooi om die water in bloed te verander, sodat elke lewende ding wat die vorige oordele oorleef het, doodgaan.

! Die stank en siekte wat dit tog gevolg het, is ondenkbaar.

#3 Riviere word bloed



Skaal/ Bak #3: Riviere word bloed

Openbaring 16:4-7

"En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele."

- i** Die 3de Skaal/ Bak word gegooi in die...

-  Riviere...
-  Drinkwater
-  Vars water en

! Dit alles verander in bloed !

- i** Hierdie oordeel is God se antwoord op die martelaars se gebede dat hulle sterftes gewreek sal word.

#4 Skroeiende son



Skaal/ Bak #4: Skroeiende son

Openbaring 16:8-9

"En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plaë, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie."

- i** Hierdie Skaal/ Bak word op die son uitgegooi sodat die verskriklike hitte daarvan die mense skroei.

! Ten spyte hiervan weier die mensdom nog steeds om hulle te bekeer !

#5 Die dier se koninkryk word gevul met duisternis



Skaal/ Bak #5: Die dier se koninkryk word gevul met duisternis

Openbaring 16:10-11

“En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.”

- i** Hierdie Skaal/ Bak word op die troon van die dier uitgegooi sodat sy hele koninkryk verduister word.
- i** Hierdie duisternis is nie normaal nie, omdat dit gepaardgaan met 'n foltering wat sal veroorsaak dat mense hulle tonge sal kou as gevolg van die pyn !

! Weereens weier die mensdom om hulle te bekeer !

#6 Die Eufraat verdroog



Skaal/ Bak #6: Die Eufraat verdroog

Openbaring 16:12-15

“En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en

die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy kiere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.”

- i** Hierdie Skaal/ Bak word uitgegooi op die Eufraatrivier sodat dit opdroog.
- ⚙** Dit berei die weg voor vir die weermagte van die konings van die Ooste...

- Om na Israel te kom
- Vir die Slag van Armageddon.

#7
Groot
Aardbewing



Skaal/ Bak #7: Groot aardbewing

Openbaring 16:17-21

“En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie — so 'n geweldige groot

aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was."

i Hierdie laaste oordeel word uitgegooi in die lug sodat weerlig en donderweer die grootste aardbewing in die geskiedenis van die wêreld aankondig.

i Hierdie wêreldwye aardbewing sal...

- ⚙ Die stede van al die nasies verpletter en
- ⚙ Jerusalem in drie dele verdeel.

i Verder gaan hierdie wêreldwye oordeel gepaard met...

- ⚙ 100-pond haelkorrels uit die hemel.

! Die ongelowiges reageer weereens deur God te laster...

➡ Omdat die plaag van hael so verskriklik is !

 Al hierdie oordele sal deur die verdrukkingstydperk plaasvind.



ONTHOU:



Elke oordeel het net erger en verskrikliker geword.

i Die sewejarige verdrukkingstydperk sal tot 'n einde kom...

- ⚙ Met die Slag van Armageddon
- ⚙ In die vallei van Megiddo.




#5 Die Slag van Armageddon

i Volgens die Skrif...

- ⚙ Sal groot weermagte uit die Ooste en die Weste bymekaarkom
- ⚙ En in die vallei van Megiddo vergader.

- i** Die Antichris sal sy magte na Jerusalem stuur om Jerusalem en die Jode vir eens en vir altyd te vernietig.
- i** Wanneer sy weermagte Jerusalem nader...
 - ⚙ Sal God tussen beide tree en
 - ⚙ Jesus Christus sal terugkeer om sy volk Israel te red.
- i** Die Here sal...
 - ⚙ Al die weermagte vernietig
 - ⚙ Die Antichris en die valse profeet gevange neem
 - ⚙ En hulle in die poel van vuur gooi.
- i** Almal wat oorleef tot aan die einde van die verdrukking...
 - ⚙ En wat gelowiges is...
 - ⚙ Beide Jode en heidene (nie-Jode)...
 - ✓ Sal toegelaat word in die duisendjarige vrederyk.
- i** Almal wat oorleef het tot aan die einde van die verdrukking...
 - ⚙ En nie gelowiges is nie...
 - 😞 Sal in die hel gegooi word !

#6 Die duisendjarige vrederyk (Millennium)



-  Die vrederyk sal vir 1000 jaar lank duur...
 -  In hierdie tyd sal die vloek van Adam omgekeer word
 -  Behalwe vir die dood.
 -  Christus sal op die troon van Dawid sit...
 -  En die wêreld regeer en
 -  Vrede en geregtigheid bring.
 -  Die duisendjarige tempel sal opgerig word en funksioneer.
 -  Die duisendjarige vrederyk sal 'n tyd van ongelooflik omgewingsverandering wees...
 -  **Jesaja 35:1-2** vertel ons dat die woestyn en die dor land bly sal wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing.
 -  Daar sal oorvloedige reën val in gebiede wat vandag as droogtegebiede bekend is.
 -  Daar sal genoeg kos vir die diere wees (**Jesaja 30:23-24; 35:7**).
 -  Diere sal hul roofdierinstink verloor.
 -  Daar sal nie meer 'n verskil tussen mak en wilde diere wees nie en alle diere sal in harmonie saamlewe (**Jesaja 11:6-7**).
 -  Die mens se fisieke toestand sal ook drasties verander en verbeter.
 -  Mense sal baie langer lewe.
 -  Daar sal nie meer enige liggaamlike swakhede en gesondheidsprobleme wees nie. (**Jesaja 29:18; 33:24**).
 -  Die geestelike lewe in die duisendjarige vrederyk sal heeltemal anders wees as enigiets wat ons al ooit ervaar het...
 -  Die mens sal daaglik in die persoonlike en fisieke teenwoordigheid van Jesus Christus wees en Hy sal 'n geweldige impak op die lewens van gelowiges hê.
 -  Daar sal wêreldwye kennis en aanbidding van Christus wees, sonder enige hindernisse. (**Jesaja 11:9**).
- 
- MAAR...**
-  Selfs te midde van hierdie ongerepte omstandighede...
 -  Sal daar steeds menslike opstandigheid wees !
-  Omdat die volledige gevolge van die sondeval nie uitgewis is nie...
 -  Sal daar 'n finale opstand teen Jesus Christus wees.


i Dit sal gebeur aan die einde van die duisendjarige vrederyk wanneer Satan vir 'n kort ruk losgelaat word uit die bodemlose put.

i Satan sal...

- ⚙ Die nasies mislei
- ⚙ En hulle dan bymekaar bring in 'n massiewe weermag vir een laaste geveg
- ⚙ Waar hy weer sal probeer om Jerusalem te vernietig.



Maar God sal hulle uit die hemel verslaan met vuur.





#7 Die Oordeel van die Groot Wit Troon

Openbaring 20:11-15

“EN ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.”



-  Die Regter wat op die groot wit troon sit, is niemand anders as die Here Jesus Christus self nie !
-  Die einste Persoon wat deur die wêreld verwerp en verag is, sal uiteindelik oor die wêreld oordeel.
-  **Openbaring 20:12** identifiseer die mense wat geoordeel sal word by die Oordeel van die Groot Wit Troon:
 -  “En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan”
-  Die mense wat geoordeel word, word “**die dode**” genoem...
 -  Omdat hulle Jesus Christus verwerp het.
-  Hulle word uit die hel gebring om by hierdie oordeel te verskyn.
 -  Wat baie mense nie verstaan nie, is dat...
 -  Alle ongelowiges geestelik dood is
 -  Selfs terwyl hulle nog lewe !
-  Die apostel Paulus het gesê...
 -  Voordat 'n persoon Christus as Verlosser ontvang,
 -  Is hy/sy “**dood... deur die misdade en die sondes**” (Efesiërs 2:1)

i Wanneer ongelowiges sterf...

⚙️ Gaan hulle hel toe...

☹️ Omdat hulle geen lewe het nie

☹️ En omdat hulle die gratis geskenk van die ewige lewe deur Jesus Christus verwerp het.

i Dus, ongelowiges wat sterf...

⚙️ Bly in die hel...

➤ Tot die Oordeel van die Groot Wit Troon.

i Dit is by die Oordeel van die Groot Wit Troon...

⚙️ Dat ongelowiges dan uiteindelik voor Christus gebring sal word vir hul finale oordeel.

⚙️ Daarna word hulle vir ewig in die poel van vuur gegooi.

#8 Die Nuwe Hemel & Nuwe Aarde

Openbaring 21 + 22



Alles word verbrand tot niks meer oorbly nie.

i God skep...

⚙️ 'n Nuwe hemel en

⚙️ 'n Nuwe aarde en (Openbaring 21:1)

⚙️ 'n Nuwe Jerusalem (Openbaring 21:2).



i Want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan (Openbaring 21:1)

i Alles word nuut gemaak (Openbaring 21:5)

i Daar sal geen see meer wees nie (Openbaring 21:1)

i Geen dood nie (Openbaring 21:4)

i Geen droefheid, geweene en moeite nie (Openbaring 21:4)

i Geen nag meer nie (Openbaring 21:25)

i Geen vervloeking meer nie (Openbaring 22:3)

i En geen son of maan is nodig om te skyn nie (Openbaring 22:3)

i En God self sal by hulle wees (Openbaring 22:3).